NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 38
26 Oktober 2023

# ’n Koninklike besoek

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Verlede week het koning Willem-Alexander en koningin Maxima van Nederland vir ’n kort staatsbesoek in Suid-Afrika aangekom. ’n Nederlandse TV-span het hulle gevolg om verslag te doen.**

Woensdag het hulle geland op die Waterkloof Lugmagbasis. In Pretoria is hulle ontvang deur president Ramaphosa, en hulle het aangedoen by die Nederlandse Ambassade. In Johannesburg het hulle die Apartheidsmuseum besoek. Hul laaste bestemming in die land was Kaapstad.

Die TV-span van die kanaal Evangelische Omroep wou by die Nederlandssprekende Gemeente van die NHKA in Johannesburg kom verneem oor die Nederlandse gemeenskap in Suid-Afrika. Hulle wou onder andere weet hoe die besoek van die koningspaar ontvang word en watter rol die kerk speel as dit kom by die vele uitdagings in hierdie land.

Die kerkgebou is eers van buite verfilm. Die gebou is in die vorm van ’n skip, want die Nederlanders is ’n skeepvaartnasie. Die Nederlandse immigrante het die kerk ook met hul eie hande gebou. Baie van hulle was werksaam in die boubedryf.

Toe is die kerk van binne verfilm. Die kamera het geswiep oor die orrel wat ontwerp is deur Willem Mathlener, destydse hoof van die Konservatorium vir Musiek van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en die pragtige loodglasvensters wat ontwerp is deur ’n voormalige orrelis van die gemeente, Richard Steinmann.

Vir ’n skip om ’n hawe veilig binne te vaar, is daar ’n rooi baken om die bakboordkant (links) aan te dui en ’n groen baken vir die stuurboordkant (regs). Die kerkgebou het ’n kruis van rooi glas voor in die linkerkantste muur ingebou en ’n kruis van groen glas voor in die regterkantste muur.

Dit is daar, voor in die kerk tussen die twee kruisbakens, dat die aanbieder van die program *Blauw Bloed* op Nederlandse televisie, Tirza van der Graaf, die dag voor die aankoms van die koningspaar ’n onderhoud gevoer het met my, die predikant wat die gemeente die afgelope 29 jaar bedien. Die onderhoud was in Nederlands.

Tirza wou weet wat die Suid-Afrikaanse Nederlanders vind van die koningshuis. Tien jaar gelede in 2013 het die gemeente feestelik die inhuldiging van koning Willem-Alexander gevolg en gevier. Besonders van die Nederlandse koningshuis is dat die monarg nie gekroon word nie. Die kroon, simbool van mag, lê by die geleentheid op ’n tafel langs die Grondwet. Dit verteenwoordig ’n ander siening van mag en diens.

Koning Willem-Alexander is ingehuldig op 30 April, sy grootmoeder Juliana se verjaardag. Op dié datum is “Koninginnendag” gevier. Hoewel koningin Beatrix se verjaardag in Januarie is, is die datum van 30 April in haar termyn gehandhaaf. Sedert Willem-Alexander koning geword het, word “Koningsdag” nou op sy verjaardag op 27 April gevier. Op die Sondag die naaste aan die viering sing die gemeente tradisioneel aan die einde van die diens die Nederlandse volkslied, die “Wilhelmus”. Op daardie Sondag het baie van hulle ook iets oranje aan hul kleredrag. By die koffie is daar dan “spekulaas” (speserykoekies) en “mokkataart”.

Wat die gemeente vind van die besoek van die koningspaar? Die lied wat hulle sing: *Lang zullen ze leven in de gloria!* Die laaste woord wat hulle spreek: *Oranje boven!*

**Prof Yolanda Dreyer**
**Emeritus / Nederlandssprekende Gemeente**

## Lief en leed



Ds Werner Olivier

- **Ds Werner Olivier** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op 19 November vanaf 09:00 by Gemeente Selcourt, hv Star- en Karibaweg, Selcourt, Springs. Dit sal 'n Nagmaaldiens wees.

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 November, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 26 Oktober: Di HSK (Hennie) Nel (63) (Potgietersrus), GSC (Skip) Scheepers (74) (emeritus) en JR (Robert) van Niekerk (33) (Noordelike Pretoria)
  - Vrydag 27 Oktober: Di KF (Kathleen) Smith (63) (Kaapstad) en PM (Pieter) Smith (69) (emeritus)
  - Saterdag 28 Oktober: Ds CEC (Colin) Hertzog (54) (Middelburg-Noord)
  - Maandag 30 Oktober: Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger (43) (ampsvoorreg/nie-diensdoende), di WH (Wilhelm) Steyn (80) (emeritus) en WF (Werner) Venter (54) (Schoemansdal)
  - Donderdag 2 November: Ds IM (Naas) Lombard (65) (emeritus)
  - Vrydag 3 November: Ds HA (Hennie) Retief (72) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen Maandag 6 November** bereik **vir 16 en 17 November** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Die Kommissie van die AKV versoek gemeentes om **Sondae 22 en 29 Oktober se deurkollektes** aan die **Teologiese Opleidingsfonds** te skenk. Die bankbesonderhede is soos volg:

  Instansie: ABSA
  Rekeningnaam: Teologiese Opleidingsfonds
  Rekeningnommer: 4048632649
  Takkode: 632005



- **Die SP Engelbrecht-museum** vra asseblief voorwerpe vir 'n nuwe **bejaardesorguitstalling**. Gedenkprogramme of -bundels van die Monumenttehuise, troffels van hoekstene gelê, borsspeld- of lapelwapentjies, breekware met ONS TUIS daarop van toeka, ou servette met 'n naam of embleem daarop, ou foto's en dies meer. Kontak ds Carel Johann de Bruin by 082 733 3951 of **careljohann@gmail.com**.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Suidoos-Witbank.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul. Dit is merendeels 'n stadsgemeente met 700 belydende lidmate.

  **Aard en omvang:** Die normale aktiwiteite van die gemeente wat van die predikant verwag word, is prediking, kategese, spesiale eredienste, hulp met fondsinsamelings, siekebesoek, huisbesoek en pligte soos in die Kerkorde.

  **Vergoeding:** Die predikant sal aangestel word op die traktementskaal 9-10 jaar; huistoelaag sal verskaf word.

  **Aansoeke sluit op 26 Oktober 2023.** Stuur slegs 'n verkorte CV na **sowitbank@nhk.co.za.** Vir navrae, kontak die gemeentekantoor by 087 148 9438.

- **Gemeente Hartebeeshoek** nooi almal wat die afgelope 40 jaar betrokke was by die gemeente na hul feesgeleentheid om hul **40ste verjaardag** te vier.

  **Saterdag 28 Oktober:** Basaar vanaf 09:00
  **Sondag 29 Oktober:** Erediens 09:00, met Massanagmaal, groeteboodskappe en lofofferete

  **Navrae**
  Hans van der Merwe 071 331 2428
  Lukas Vorster 081 354 0777

## Ander poste beskikbaar

- Die **Volkskool Bethal vir Christelike Onderwys** het 'n **vakature vir 'n skoolhoof**, diensaanvaarding Januarie 2024. Kontak die voorsitter by **riffies@lantic.net** of 086 559 8743. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 Oktober 2023**.

## Vergaderings

- Donderdag 26 Oktober: ADV Dagbestuur
- Maandag 30 Oktober: Plesion Direksie
- Donderdag 2 November: Raad van Finansies
- Vrydag 3 November: Raad van Finansies

## 'n Gedig

Die liedjie
van my rietfluit,
my gonna-piet-
verdriet-fluit
het niks
het niks
van die
ret-tet-tet
van die
luister-hoe-ek-
skree-trompet;
het niks
het niks
van die
rom-tom-tom
van die
hier's-ek-weer-
met-my-
trommel-trom;
hy't net
hy't net
die fyn verdriet
die fyn verdriet
van die fluitjiesriet.

**Philip de Vos**
(Uit: *Brommer in die sop*, 1986)




## Kerklike publikasies

- In die **2023 Lente-uitgawe van *Vroueflitse*** fokus die NHSV op volhoubare ouerskap-betrokkenheid en opbouende geestesgesondheid. **Ds Yolandé de Lange** van Gemeente El-Flora deel in ***Ouers is liefdevolle rigtingwysers*** waardevolle riglyne ten opsigte van ouerbetrokkenheid tydens ons jeug se vormingsjare wat as opbouend en positief gesien en ervaar kan word. **Ds Janine Bevolo-Manders** van Witfontein/Rustenburg-Tuine kleur vir ons geestesgesondheid in met ***Jy het vergifnis nodig!*** en lig dit toe met verskeie situasies en die blywende effek van vergifnis vir jou en vergifnis vir ander. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.






- Die **Kerkkalender vir 2024** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is nou op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.





## Toerusting




- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie**

**Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**. Kry die gevorderde toerusting in Bybelkennis: Ou Testament **(ds Marina Kok-Pretorius)** by **https://youtu.be/wz7AsQqrvrY?si=VDweMoQBXJPny4xT**.





## Fondsinsamelings

- **Saterdag 28 Oktober is die finaal van die Rugby-wêreldbeker...**
  **Maar dis ook Rugby-basaar by Gemeente Drie Riviere**
  Van 09:00 tot 13:00
  hv Bashee- en Wilgestraat, Drie Riviere, Vereeniging
  Kom geniet die vele stalletjies – braaivleis, *hot dogs*, kerrie-en-rys,
  teetuin, koeldrank, pannekoek, tuisgebak, vars vleis,
  verskeie speletjies en 'n hondevertoning
  Kom kuier lekker saam, ter voorbereiding vir die Rugby-finaal
  Vir meer inligting, skakel Frans Kloppers (078 533 7659)

- **Gemeente Hartebeeshoek: Outydse Basaar**
  **Ons vier 40 jaar (1983-2023)**
  **Saterdag 28 Oktober vanaf 09:00**
  Plantainlaan 55, The Orchards
  Winskoopvleis en groenteverkope
  Vir die smulpape: pannekoek, pap-en-kaiings, kerrie-en-rys, ens
  Vir die pret: Skyfskiet, vlooimark, veiling, plaasdiere, ens
  Vir meer inligting, kontak dr Cobus by 082 370 5038

- **Gemeente Bellville: Lentefees**
  **Saterdag 28 Oktober 09:00-14:00**
  Kom eet, kuier en geniet die dag saam met ons
  hv Ganzekraal en Meerlust, Oakglen, Bellville

- **Gemeente Randburg: Swaeltjiefees**
  Kom ondersteun ons jaarlikse Swaeltjiefees
  **Saterdag 28 Oktober 08:00-14:00**
  Kerkstraat 1, Ferndale, Randburg
  Watertandlekker pannekoek, sosaties, *jaffles*, pap-en-kaiings
  Melkkos, lamskerrie-en-rys, boereworsrolle, lekkers, vetkoek en koek
  Maak keel nat by die tee- en dorstuin
  Trompoppies, junior- en seniorkore van Laerskool Unika
  Plaaslike kunstenaars om jou te vermaak
  Vir die kinders is daar 'n spookhuis, speletjies en verfbal
  Skaaktoernooi en 'n dieretuinuitstalling
  Uitstallers met 'n verskeidenheid produkte te koop
  Uitstalling van die Bybelgenootskap
  Kom geniet die dag saam met ons!




- **Gemeente Ebenhaëzer: Liggiefees 2023**
  **Vrydag 1 en Saterdag 2 Desember**
  Van 16:00 tot laat saans
  Heerlike pret en vermaak vir die kinders
  Smaaklike kos om aan te smul
  Opwindende program van Kers- en gewyde sang
  Dalk 'n opvoering of twee
  Met plaaslike sanggroep Grinadiers
  Gemeentes, lidmate en skole kan gratis deelneem
  Bespreek 'n stalletjie vir die Kersmark:
  R600 vir 2 dae binne, R500 vir 2 dae buite
  Toegang is gratis
  Donasies is welkom en sal vir liefdadigheid aangewend word
  Vir meer besonderhede skakel Mariana van der Merwe (084 745 1054)
  Mirinda Pretorius (083 313 6267)
  Christine Kruger (083 362 8504)

- **Alphonso Theron** (61) het besluit om twee monsters aan te durf. Hy wil die **Munga**, een van die heel moeilikste ultramaratons vir bergfietse in die wêreld, voltooi – vir Rata en die kinders wat so dapper teen hul monsters stry! Die deelnemers moet meer as 1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington binne 5 dae aflê. Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil Alphonso R1 000 000 insamel – 1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632005
  Verwysing: MUNGA + Naam

- **Alphonso en Rata se Bestuur** daag nou ook elke gemeente, Rata-kantoor en besigheid uit, om **1 000 keer om die kerk of kantoor met 'n fiets te ry, te draf of te stap**. Gemeentes, kategeseklasse en predikante is welkom om mekaar uit te daag. Laat weet ons asseblief van jul uitdaging en geleentheid. Reël 'n geleentheid in die gemeente, waar die predikant, kerkraad, katkisante en enige belangstellende persoon kan deelneem. Julle kan dit ook 'n aflosgeleentheid maak! Gemeentes kan hier kreatief dink en beplan.

  **Voorbeelde:**
  - 10 lidmate wat 100 maal om die kerk gaan
  - 100 lidmate wat 10 keer om die kerk loop of ry

  Mense kan as **borge of skenkers** vir deelnemers optree. Bepaal byvoorbeeld 'n bedrag vir die hoeveelheid rondtes wat geloop of gery is, en dit help dan met die insameling.

Die totale bedrag skenk die gemeente, kantoor of besigheid dan aan die Rata Alphonso Monsteruitdaging.

**THE MUNGA** begin op 29 November 2023 in Bloemfontein en eindig op 5 Desember in Wellington. **Gemeentes kan hul geleentheid reël vir Saterdag 25 November of Saterdag 2 Desember.** Ons wil graag die geleenthede se inligting en foto's deel op sosiale media asook met Alphonso tydens die wedren. Hy sal op sy beurt weer sy vordering met ons deel.

Skakel met meer inligting **Alphonso Monster Challenge – Rata**

Volg ons op Rata **Facebook**

Jy kan Alphonso ook volg op Instagram by **Alphonso Theron (@alphonso062) • Instagram photos and videos**

Word deel van die Alphonso WhatsApp-groep en stuur 'n vasbytboodskap aan hom by **https://chat.whatsapp.com/BMvmeUsexyIJqKICS1A17s**

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp.** Is jy 'n Matie in 2024? Kom kamp dan saam van **Sondag 28 tot Dinsdag 30 Januarie 2024**. Leer mekaar ken, leer die omgewing ken en kom geniet dit net. Koste: R400 per persoon. Kontak dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** of 079 495 3239 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **30 Januarie – 2 Februarie 2024**
  By Venterskroon-kampterrein
  Kry inligtingsvorm vir jou besonderhede
  **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2024**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2024.**

- **Poste beskikbaar by die Diakonale Pleegsorghuis Elsburg.** Die suksesvolle kandidate sal optree as pleegouers vir ses seuns en verantwoordelik wees vir hul fisiese, emosionele en skolastiese hantering, met die ondersteuning van 'n multidissiplinêre span wat maatskaplike werkers insluit. Persone **tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar** kan aansoek doen **(verkieslik 'n getroude egpaar)**. Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen, maar die suksesvolle kandidate sal vir die tydperk van hul aanstelling moet **inskakel by die betrokke NHKA-gemeente**. Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. Die geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan. Met aanstelling sal hulle opleiding in ontwikkelingstrauma ontvang. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2023.** Kontak **mnr Otto Viljoen** by 079 495 2007 / 060 968 4907 / **kinderhuise@nhk.co.za**, of **mev Suzanne van Deventer** by 066 477 8904 / **suzanne@rata.org.za**. Besoek gerus ook die webtuiste **www.pleegsorg.org.za** of die Facebookblad DPS Huise.

- **Ons Tuis MSW** beskik tans oor **vakatures** vir 'n **Finansiële Bestuurder** en 'n **Salarisbeampte**. Die **posvereistes** is goeie kommunikasievaardighede en ondervinding in die veld van bejaardesorg. Geskikte kandidate moet beskik oor goeie rekenaarvaardigheid, en sterk administratiewe en organisatoriese eienskappe.

  Die **verantwoordelikhede van die Salarisbeampte** is die voorbereiding en verifiëring van salarisstrokies van die onderskeie fasiliteite wat die volgende behels:
  - Rekonsilieer betaalstaat en gaan na vir enige teenstrydighede.
  - Jaarlikse werknemersbelastingrekonsiliasies aan SAID.
  - Werknemerbeëindigings.
  - Werknemers se tyd-, bywonings- en verlofbestuur: Hou akkurate rekords om betaling en voordeleregte te bereken, deur die betaalstaatstelsel te gebruik.
  - Voldoen aan regulatoriese vereistes.
  - Administrasie van betaalstaat-insette.

  Die **verantwoordelikhede van die Finansiële Bestuurder** is die voorbereiding van finansiële kontroles:
  - Vestig toepaslike finansiële beleid en prosedures om te verseker dat die verslagdoeningstelsels geskik is en doeltreffend aangewend word.
  - Algemene finansiële en rekeninge-administrasie.
  - Berei 'n maandelikse bankrekonsiliasie van die bankrekening voor.
  - Maandelikse betalings van alle verskaffers, na ontvangs van goedgekeurde fakture wat deur die besturende direkteur afgeteken is.
  - Voorbereiding van maandelikse, kwartaallikse en jaarlikse bestuursrekeninge onder leiding van die besturende direkteur.
  - Oudit- en finansiële jaarstate ("AFS"): Koördineer en beplan die jaarlikse oudit.
  - Berei belastingopgawes voor en dien in.
  - Lewer 'n sekretariële diens aan die finansiële komitee van die maatskappy.

  **Sleutelvaardighede en ervaring**
  - GR (SA) met vyf (5) jaar post-artikels ondervinding, of ervare gegradueerde met ten minste agt tot tien (8-10) jaar relevante ondervinding.
  - Tegniese kennis, insluitend kennis van rekeningkundige stelsels.
  - Kennis van finansiële stelsels Sage, Zero, Pastel, Pay Space en VIP.
  - Voorkeur sal gegee word aan individue met verwante ondervinding in fasiliteite vir ouer persone.
  - Ervaring van rapportering aan verskeie direksies/trustees sal 'n bykomende voordeel wees.
  - Vlot in Engels en Afrikaans.

  Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Stuur CV aan Gerald van Rensburg by **adm@otmt.org**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2023.** Indien u geen terugvoer binne twee weke ontvang nie, beteken dit dat u nie suksesvol was met u aansoek nie.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  **Tans is daar ook ’n enkelwoonstel (*bachelor*) te huur** vanaf 1 Oktober 2023, teen R5300 per maand. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir vandag

Hemelse Vader,
ek kom vandag na U om leiding en beskerming te vra.
Ek weet nie wat die dag vir my inhou nie,
maar U weet wel.
Ek weet nie wie ek vandag gaan teëkom nie,
maar U, Here, weet van alles wat vir my voorlê.
Daarom vra ek dat U my vandag sal lei
in alles wat ek doen.
Help my om op U te vertrou, wat ook al gebeur.
Herinner my weer en weer
dat U my rots en my toevlug is.
Wanneer omstandighede my angstig maak,
herinner my opnuut
dat U altyd by my is.
Ek bid dit in Jesus se Naam.
Amen.

thegracefulchapter.com/powerful-prayers-for-today/

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van NIekerk |